

LBW VRA ...: RICHARD MORGAN

WAT IS DIE BESTE BOERDERYBESLUIT WAT JY AL GENEEM HET?

Die vennootskap wat ek met mnr. Adrian Meyer, 'n geoktrooieerde rekenmeester, gesluit het.

DIE BESTE RAAD WAT JY OOIIT GEKRY HET?

Wees passievol met wat jy ook al aanpak.

WAT IS DIE GROOTSTE FOUT WAT JY IN JOU BOERDERY GEMAAK HET?

Toe ek nie genoeg voorsorg getref het nie en 500 lammers en ooie in 'n koue tydens skeertyd verloor het.

WIE WAS JOU MENTOR?

My grootouers en my pa.

WAT IS JOU GROOTSTE UITDAGINGS IN BOERDERY?

Hoe om optimale produksie te verkry, wat die grootste winsgrens verseker.

EN DIE GROOTSTE GELEENTHEDE?

Om meer grond te huur of te koop.

'Die mededinging was straf. Maar dit is 'n ongelooflike eer en ek voel geseënd. Dit was 'n spanpoging.'

Vir die Dohne-Merino's stel hulle die speenpersentasie op 140, die vrektesyfer op 6% en minstens 4 kg goeie wol per skaap per jaar.

In 2011 het hulle die weiding-kundiges prof. Winston Trollope en dr. Wayne Vos gekry om 'n evaluasie van weiding op die plaas bestaande uit Montane-grasveld en doringveld te maak en om 62 permanente plekke te identifiseer waar die veldtoestand gemoniteer sal word. Die weidingkapasiteit is per diersoort en die aantal vee bepaal. Ombosindringingtebekamp, het die vennootskap op aanbeveling van die veekundiges onlangs ook sowat 300 SA Boerbokooie gekoop. Hul mikpunt is om daarmee minstens 160% lammers te speen en 'n vrektesyfer van minder as 6% te behaal.

Richard is 'n jong man wat nie net op sy boerdery toegespits is nie. Hy is ook ondervoorsitter van die Adelaide-landbouvereniging, voorsitter van die Brandbeskermingsvereniging en hy bestuur die Mankazana-probleemdierklub met twee spanne jaghonde. Hy dien in die plaaslike grondbewaringskomitee en is lid van die Smaldeel-bewarea.

Hy is ook betrokke by 'n projek om 'n selfoontoring in die vallei opgerig te kry.

Iets wat hom na aan die hart lê, is hoe hy, nadat hy hom in Nieu-Seeland as skaapskeerder bekwaam het, een van sy werkers, mnr. Isaac Ndlongwane, gehelp het om sy eie skeerdiensonderneming op die been te bring. Ndlongwane bedryf tans 'n florerende skeerdiens.

Die korttermynvisie van MMF is om die boerderyonderneming te konsolideer, produksie te maksimaliseer en die doeltreffendheid van die veld en lewende hawe nog verder te verbeter.

Op medium-termyn wil hulle die boerdery verder uitbrei. Die uiteindelijke mikpunt is om dit in 'n veeplaas van wêreldgehalte met die beste moontlike infrastruktuur te omskep en die hulpbronne optimaal te benut. Hulle wil werkers in diens te hê wat ook daardie waardes het.

Richard hoop teen die tyd dat die MMF sy langtermynvisie bereik, sal sy seun, Joshua (3) hom ook by die onderneming aansluit.